Education and Sport Development
Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## SEPTEMBER 2015

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | LEESBEGRIP (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | OPSOMMING (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | TAAL (VRAAG 3, 4 en 5) | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringsstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Beplan jou tyd so:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: BIOGRAFIE**

Lees deur die onderstaande biografie en beantwoord die vrae.




## MIRIAM MAKEBA

**In my hart en gees was ek altyd tuis. Ek het my altyd verbeel dat ek werklik teruggaan huis toe.**

**Vinnige feite:**

| | |
|---|---|
| **Naam**<br>Miriam Makeba | **Plek van afsterwe**<br>Castel Voltumo, Italië |
| **Beroep**<br>Sanger, menseregte-aktivis | **Bynaam**<br>Mama Afrika |
| **Geboorteplek**<br>Prospect Nedersetting, Suid-Afrika | **Volle naam**<br>Zensi Miriam Makeba |

1 Miriam Makeba, of Mama Afrika soos sy deur miljoene bewonderaars genoem is, was een van die prominentste swart uitvoerende kunstenaars van die twintigste eeu. Sy is een van Suid-Afrika se bekendste vroue. As sangeres, liedjieskryfster, sterk politieke aktivis, skryfster, aktrise en VN-afgevaardigde, het Makeba haar politieke- en kultuurinvloed internasionaal gevestig. Sy stel Xhosa- en Zulu liedjies bekend aan Westerse gehore. Sy was die eerste Suid-Afrikaner wat 'n Grammy gewen het en voor gehore wêreldwyd opgetree het.

2 Die vrou wat, volgens 'n artikel in *Newsweek*, sing met die intiemheid van Frank Sinatra en wat aanhangers verlei het met die klanke van haar Xhosa- en Zulu liedjies, is oorlaai met internasionale toekennings.

3 Sy het voor staatsmanne soos John F. Kennedy, Fidel Castro en Nelson Mandela opgetree en het drie oudiënsies met die Pous gehad.

4 Sy is in 1960 deur die apartheidsregering tot ballingskap gedwing en het die stem van protes teen verdrukking en apartheid – 'n kampvegter vir haar mense – geword. Haar onverskrokke stryd vir menseregte het haar in 1986 die "Dag Hammerskjold Vredesprys" besorg.

5 Miriam is in 1932 in Johannesburg gebore. Haar pa was 'n Swazi en haar ma was 'n Xhosa-sangoma. Haar ma was 'n huiswerker. Miriam begin haar werkende lewe deur haar ma te help in die huise waar sy gewerk het.

Na haar pa se dood, het sy by haar ouma in Pretoria gaan woon. Gedurende haar skooljare sing sy in die skoolkoor. Teen die einde van die vyftigerjare het sy reeds voltyds opgetree as sangeres en was sy bekend regoor Suid-Afrika.

6 In die 1950's beleef sy ook *Sophia Town*. Dit was 'n kleurvolle platform waar alle musieksterre hul musiek kon beoefen. Dit was ook een van baie min plekke waar mense van alle rasse bymekaar kon kom tydens die apartheidsjare. Dit was die tuiste van Kwela- en Marabi musiek, asook *African Jazz.*

7 Sy sing saam met haar neef se orkes *The Cuban Brothers*, maar maak haar debuut in 1952 as 'n sangeres vir die *Manhattan Brothers*. In 1959 het sy 'n sensasie veroorsaak as die hoofsanger in die swart jazz opera *King Kong*, wat deur Suid-Afrika getoer het. Met haar optrede in die dokumentêr *Come Back Africa* in 1958 het sy internasionale erkenning verkry en is sy na Europa genooi. Hier is sy deur die internasionale ster Harry Belafonte raakgesien, wat haar genooi het om in Amerika op te tree.

8 In 1960, toe sy probeer het om na Suid-Afrika terug te keer, is sy toegang tot haar geboorteland geweier en moes sy die volgende dertig jaar in ballingskap deurbring. Amerika het haar met ope arms ontvang en sy het 'n beroemde geword wat met sterre soos Bing Crosby en Elizabeth Taylor omgegaan het.

9 In 1967 het die liedjie *Pata Pata,* wat tien jaar vroeër geskryf is, 'n treffer geword. Haar vierde huwelik met die radikale aktivis Stokely Carmichael veroorsaak dat haar toere in Amerika gekanselleer word. Sy verloor ook 'n duur opnamekontrak. President Sekou van Guinee het haar genooi om na sy land te verhuis. Sy het aangehou met opnames en as Guinese afgevaardigde vir die VN gedien. Sy trek weer aandag toe sy Paul Simon se geskiedkundige Gracelandtoer meemaak.

10 Met Nelson Mandela se vrylating het die politieke klimaat in Suid-Afrika so verander dat sy na dertig jaar kon terugkeer. Haar reünie in 1991 was 'n triomftog! Sy het ook in die musiekblyspel Sarafina opgetree. Daarna het sy aangehou met optredes. Sy het 'n outobiografie geskryf, in verskeie plaaslike en internasionale tydskrifte verskyn en 'n voorstaander van menseregte en veral vroueregte gebly. Lande regoor die wêreld het op verskillende wyses aan haar eer betoon: van 'n straatnaam in haar eer tot die toekenning van 'n orde van verdienstelikheid. Sy besit eredoktersgrade van die Spellman Kollege en die Universiteit van Kaapstad.

11 Teen die einde van haar loopbaan het sy reeds dertig oorspronklike albums opgeneem. Op 10 November 2008, na 'n konsert in Italië, sterf sy op 76-jarige ouderdom.

[Verwerk uit: www. miriam makeba – biography.com]

**WOORDVERKLARINGS**

**bewonderaars**, met bewondering bekyk. Eng. fans.
**verdrukking**, verontregting. Eng. oppression.
**toekennings**, beloning. Eng. award.
**ballingskap**, verban uit land, mag nie in jou eie land woon nie. Eng. being in exile.

1.1 "Ek het my altyd verbeel dat ek werklik teruggaan huis toe."

Skryf EEN WOORD uit hierdie gedeelte van die sub-opskrif neer, wat aandui dat Miriam nie werklik tuis was nie. (1)

1.2 Kyk na die vinnige feite in die blokkies.

Skryf TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE neer wat bewys dat Miriam ook iemand was wat sou opstaan teen onregverdigheid. (1)

1.3 Skryf EEN WOORD uit paragraaf 1 neer wat aandui dat Miriam se bekendheid nie tot Suid-Afrika beperk was nie. (1)

1.4 Miriam Makeba het baie bekend geword, omdat sy 'n maklike kinderlewe gehad het.

Hierdie stelling is ONWAAR. Motiveer dit deur EEN rede uit paragraaf 5 aan te haal. (1)

1.5 Gedurende die 1950's het Suid-Afrikaanse kunstenaars Sophia Town as "wonderlik" ervaar.

Verduidelik die stelling in TWEE volledige sinne. (2)

1.6 Noem die naam van die musiekgroep wat Miriam gehelp het om haar debuut as sangeres te maak. (1)

1.7 Watter bekende sanger het Miriam na Amerika genooi? (1)

1.8 Verduidelik in jou EIE WOORDE wat dit beteken as iemand sy lewe in ballingskap deurbring. (1)

1.9 Skryf 'n SINSNEDE uit paragraaf 8 neer wat bewys dat Miriam baie goed deur die Amerikaners ontvang is. (1)

1.10 Miriam se huwelik met die radikale aktivis, Stokely Carmichael, was nie baie goed vir haar loopbaan in Amerika nie.

Verskaf TWEE REDES vir die stelling uit paragraaf 9. (2)

1.11 Watter belangrike pos beklee Miriam tydens haar verblyf in Guinee? (paragraaf 9) (1)

1.12 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi.

Miriam kon na Nelson Mandela se vrylating na Suid-Afrika terugkeer, omdat …

A sy hom goed geken het.
B hy haar genooi het om terug te kom.
C sy nie meer in Europa werk gehad het nie.
D dit die einde van apartheid in Suid-Afrika was. (1)

1.13 Skryf EEN woord uit paragraaf 10 neer as bewys dat Miriam se reünie in 1991 baie suksesvol was. (1)

1.14 Skryf EEN WOORD uit paragraaf 10 neer wat die onderstreepte gedeelte in die onderstaande sin kan vervang.

Miriam het 'n boek oor haar lewe geskryf. (1)

1.15 Miriam se lewe kon dalk baie makliker gewees het as sy nie so lank in ballingskap moes lewe nie.

Skryf EEN WOORD uit hierdie sin neer wat bewys dat die sin 'n MENING is. (1)

1.16 In watter land het Miriam gewoon toe sy oorlede is? (1)

1.17 Dink jy die regering in Suid-Afrika het reg opgetree deur Miriam so lank in vreemde lande te laat bly en haar nie toe te laat om terug te keer na haar mense nie? Motiveer jou antwoord. (1)

1.18 Hoe sou jy gevoel het as jy, soos Miriam, vir baie jare in 'n vreemde land sonder jou familie moes woon? Verduidelik jou antwoord in EEN volsin. (1)

Kopiereg voorbehou 

**TEKS B: ADVERTENSIEPLAKKAAT**

Lees die onderstaande plakkaat en beantwoord die vrae.

**DIE STEM VAN AFRIKA KEER TERUG**

**Ek glo dat ek enige iets kan sing!**



**MIRIAM MAKEBA OPTREDE**

**In samewerking met Byron Lee en die Dragonaires,**
asook 'n fees van uitgesoekte plaaslike kunstenaars.

**Regal Teater 2**
**Optredes 7:00 en 9:30 vanaf**
Saterdag – 9 Desember 1967

**Besprekings open by die Regal**
Vrydag 1 Desember 1967

[Verwerk uit: skafoundation.skabook.com]

1.19 "Die stem van Afrika keer terug."

1.19.1 Die woorde op die plakkaat word KONNOTIEF gebruik. Verduidelik wat met die woorde in die aanhaling bedoel word. (1)

1.19.2 Waarom dink jy word Miriam Makeba "die stem van Afrika" genoem? (1)

1.19.3 Skryf 'n WOORD uit die advertensie neer waaruit jy kan aflei dat die optrede iets is om na uit te sien. (1)

1.20 Wat was die naam van die teater waarin die optrede sou plaasvind? (1)

1.21 Gebruik die woorde in die lys hieronder om die sinne (1.21.1–1.21.2) te voltooi.

| |
|---|
| drie; tien; twee; nege; agt |

Miriam Makeba sou op 9 Desember 1967 1.21.1 … optredes hê. Die tweede optrede sou om half 1.21.2 … begin. (2)

1.22 Vind telkens EEN woord uit die advertensie wat die onderstaande beskrywings voorstel.

1.22.1 Uit die omgewing (1)

1.22.2 Net die beste (1)

1.23 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi.

Ek glo dat ek enige iets kan sing!

Hierdie woorde van Miriam dui daarop dat sy ...

A arrogant is.
B dink sy is beter as ander sangers.
C baie vertroue in haarself het.
D bang is dat sy nie meer na konserte genooi gaan word nie. (1)

1.24. Sou jy Miriam Makeba as 'n rolmodel beskou? Motiveer jou antwoord. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**


## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2:

Lees die onderstaande teks deur en voer die instruksies uit.

- Som die SEWE voordele wat stap vir algemene gesondheid inhou op.
- Skryf die voordele PUNTSGEWYS neer.
- Nommer die voordele van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE aantal woorde aan die einde van jou opsomming aan.

### TEKS C: STAP IS GOED VIR JOU!




Om voordeel te trek uit stap, moet jy daarna mik om 150 minute per week te stap. Dis 30 minute of 10 000 treë per dag, wat alle daaglikse aktiwiteite insluit. Enige persoon met 'n gesonde gewig sal verseker daarby baat vind. Hier volg 'n paar redes waarom dit voordelig is om te stap.

Indien jy elke dag stap, doen jy jou liggaam 'n groot guns. Jou risiko vir hartsiektes verminder met die helfte.

Sowat vier miljoen Suid-Afrikaners sukkel met nie-insulien afhanklike diabetes. Stap is 'n baie doeltreffende manier om jou insulienvlakke stabiel te hou.

Baie mense se beroepe vereis dat hulle amper heeldag moet sit. Tydens stap verbrand jou liggaam baie kilojoules, veral as dit met 'n gesonde dieet gepaard gaan.

Depressie is 'n algemene siekte in die moderne samelewing. Studies het bewys dat stap depressie afweer en angstigheid beperk.

Stap is 'n gratis manier van oefening. Geen spesiale vaardighede of toerusting is nodig nie. Gimnasiums is baie duur en is nie die regte opsie vir almal nie. Mense met Osteoporose en gewrigsiektes vind dit baie moeilik om in 'n gimnasium te oefen.

Stap is 'n lae-impak oefening wat beteken dat dit nie soveel druk op gewrigte en spiere plaas nie. Ten spyte daarvan verbeter mense wat stap se fiksheidsvlakke.

Goeie bloedsirkulasie help om voedingstowwe in sagte weefsel te pomp en gifstowwe te dreineer. Stap help om ruggraatstrukture te versterk. Wil jy begin stap? Maak gebruik van die program wat deur die Suid-Afrikaanse Sportwetenskapinstituut ontwikkel is. Die program strek oor ses weke.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 9 Oktober 2014]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3:

### TEKS D: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae.




**Piekniek: 18:00**

**Begeleide toer: 18:30**

**Sterrekyk: 20:00 – 22:00**

**Besprekings:**

**Tel: 021 863 4809**
**072 181 6744**

**Eie piekniekmandjie welkom**

**Volksmond Koffiewinkel**

**R45 – R170 per persoon**

**Tel: 021 865250**

**Onthou eie verkyker en warem klere!**

**R25 vir volwassenes R10 vir kinders**

**www.taalmonument.co.za/Facebook: Taalmonument**

[Verwerk uit: taalmuseum.co.za]

3.1 Watter TEGNIEK gebruik die adverteerder om die KOP van die advertensie te laat uitstaan? (1)

3.2 In die advertensie is daar een woord VERKEERD gespel .

Vind die woord en skryf dit dan, KORREK gespel, teenoor die vraagnommer neer. (1)

3.3 Kies die antwoord, wat die sin KORREK sal voltooi.

Die afkorting OOG (Orion Observasie Groep) vorm 'n woord wat baie goed aansluit by die advertensie, omdat …

A dit die korrekte afkorting is.
B die mense na die sterre gaan kyk.
C dit maklik verstaan kan word.
D die kinders daarvan sal hou. (1)

3.4 Waarvoor staan die AFKORTING "Mrt." in die advertensie? (1)

3.5 Noem EEN manier waarop jy met die adverteerder kan kommunikeer. (1)

3.6 "Eie piekniekmandjie welkom!"

Gee 'n ANTONIEM vir "welkom". (1)

3.7 "R25 vir volwassenes."

Skryf die GETAL 25 in woorde. (1)

3.8 Kies die woord in KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (3.8.1–3.8.3) en die letter (A–D) neer, bv. 3.8.4 E.


| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.8.1 'n Toer saam met iemand wat inligting verskaf | A donkerte |
| 3.8.2 Instrument waarmee iemand oor 'n groot afstand na voorwerpe kan kyk | B verkyker |
| | C piekniek |
| 3.8.3 'n Informele ete in die natuur | D begeleide |

(3)
**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

## TEKS E

- Die taalvrae wat volg is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.




[Verwerk uit: https// www.flicker.com]

4.1 "Jong, vandag het ek darem 'n slim plan." (raampie 1)

Gee die OORTREFFENDE TRAP van "slim". (1)

4.2 Herskryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD.

Jong, vandag het ek 'n slim plan gemaak om Wolf se kos te steel. (2)

4.3 Herskryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.

Jakkals het Wolf se kos gesteel.

Begin jou antwoord so: Jakkals het … (2)

4.4 Jakkals gaan vining al om die bos hardloop. (raampie 2)

Gee die INTENSIEWE VORM van "vinnig". (1)

4.5 Gee die VERKLEINWOORD van "plan" in raampie 1. (1)

4.6 Herskryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

Wolf sê: "Ek sal liewer omdraai."

Begin die sin so: Wolf sê dat … (1)

4.7 Wat dink jy beteken dit om met iemand "die gek te skeer"? (raampie 6) (1)

4.8 Herskryf die volgende sin in die INFINITIEF.

Wees altyd eerlik.

Begin jou antwoord so: Jy behoort … (1)


**[10]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 5:**

**TEKS F: ARTIKEL EN PRENT**

# Dis voordelig om 'n troeteldier te besit.



1 Kinders wat blootgestel word aan troeteldiere is minder allergies en hulle kans om asma te ontwikkel, is baie kleiner as dié van kinders sonder troeteldiere.

2 'n Studie wat in die Amerikaanse Mediese Tydskrif gepubliseer is, toon aan dat kinders met troeteldiere ook 'n beter kans het om allergieë vir swamme en stuifmeel vry te spring.

3 Troeteldiere speel 'n belangrike rol in kinders se sosiale ontwikkeling en help hulle om 'n positiewe selfbeeld te ontwikkel.

4 'n Studie in die Verenigde Koninkryk het aangetoon dat kinders wat 'n hond besit, die dier as 'n vertroueling en luisteraar beskou.

5 Troeteldiere kan kinders help om basiese vaardighede aan te leer soos om te lees. Dit help kinders ook om spraakprobleme soos hakkel te oorkom.

6 'n Studie in Duitsland het gewys dat kinders van geskeide ouers wat 'n hond besit, minder aggressief was. Kinders wat nie 'n hond gehad het nie, was baie meer geïrriteerd en het vandalistiese gedrag getoon.

7 Volwassenes wat alleen woon, vaar sosiaal beter en is minder geïsoleerd as hulle 'n hond besit.

8 Honde-eienaars kry meer oefening. Troeteldiere help ons om stres te hanteer en die risiko van hartsiektes te verminder.

[Verwerk uit: kyknet.dstv.com…woef&kie]

5.1 Skryf die TWEE woorde neer waaruit "troeteldier" saamgestel is. (1)

5.2 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

Troeteldiere is goed vir kinders se (ontwikkel). (1)

5.3 Verander die onderstaande sin in 'n VRAAGSIN, sodat die onderstreepte gedeelte in die sin die antwoord op die vraag is.

Troeteldiere help kinders om hul selfbeeld te verbeter. (1)

5.4 Herskryf die sin hieronder in die BEDRYWENDE VORM.

Eienaars se fiksheid word deur hul honde verbeter.

Begin die sin so: Honde … (1)

5.5 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.

Navorsers sê dat kinders wat troeteldiere het, nie maklik asma kry nie. (2)

5.6 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die studies (met wat; waarmee; wat mee) navorsers besig is, gaan oor die invloed wat troeteldiere op mense het. (1)

5.7 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Honde help kinders met sosiale vaardighede. Hulle vertrou die diere. (omdat) (1)

5.8 Vervang die woorde tussen hakies met EEN woord.

Die (mense wat in Duitsland woon) het baie studies oor troeteldiere gedoen. (1)

5.9 Vind 'n SINONIEM vir "kwaad" in paragraaf 6. (1)

5.10 Kyk na die sinne hieronder en beantwoord die vrae.

Sin 1 – "Kry dadelik vir jou 'n troeteldier!"

Sin 2 – "Dit sal goed wees as jy vir jou 'n troeteldier kry."

5.10.1 Watter sin is 'n voorbeeld van 'n stelsin? (1)

5.10.2 Watter sin dra die mees effektiewe boodskap oor? Motiveer jou antwoord. (1)


5.11. Herskryf die sin deur die woorde in hakies in die KORREKTE VOLGORDE te rangskik.

Daar word (oor troeteldiere/navorsing/elke dag) gedoen. (1)

5.12 Dink jy 'n troeteldier kan 'n belangrike rol in jou lewe speel? Motiveer jou antwoord. (1)

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G**




[Verwerk uit: imgarcade.com]

5.13 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Die klein seuntjie sou graag (loop) water in sy huis wou hê. (1)

5.14 Voltooi die sin deur die ontbrekende VOORSETSEL in te vul.

Die seuns is besig om vuil water … hulle bottels te gooi. (1)

5.15 Lees die woorde in praatborrel 2.

Suid-Afrikaners wat toegang tot skoon water het, waardeer nie die voorreg nie.

Dink jy dat die woorde as 'n voorbeeld van STEREOTIPERING beskou kan word? Motiveer jou antwoord. (1)

5.16 Gee die KORREKTE VORM van die woord in hakies.

Die een seuntjie is (klein) as die ander seun. (1)

5.17 Bestudeer die lyftaal van die klein seuntjie.

Voltooi die sin met die ontbrekende woord.

Die klein seuntjie lyk ..., omdat hy die vuil water moet drink. (1)

5.18 Wat dink jy kan die Suid-Afrikaanse regering doen om seker te maak dat almal toegang tot skoon water het? (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou